Die gebrul van leeus, post-Christendom en interkulturele bediening

Daar is 'n Nubiese fabel uit Soedan wat vertel van die leeu, die wolf en die jakkals wat saam gaan jag het. Saam was hulle baie suksesvol en het 'n wilde donkie, 'n sebra en 'n haas gevang. Die leeu sê toe vir die wolf, "Mnr. Wolf, dit is vandag jou beurt om die wild vir ons te deel." Die wolf sê toe, "Ek dink dit sal die beste wees indien u, grote koning, die wilde donkie kry en my vriend Jakkals die haas. Wat my betref, ek sal tevrede wees met die sebra." Toe die leeu dit hoor, was hy woedend. Hy lig sy vreesaanjaende voorpoot en gee die wolf 'n massiewe klap teen die kop wat sy skedel kraak en waarvan hy sterf. Die leeu draai toe na die jakkals en sê, "Dit is nou jou beurt om ons kos te verdeel." Plegtig begin die jakkals, "Die wilde donkie is u middagete, o koning. Die sebra, meester, is u aandete en die haas is u ontbyt." Die leeu was verbaas en vra, "Waar het jy soveel wysheid bekom?" Die jakkals antwoord, "Wel, toe ek die wolf se skedel hoor kraak het."

Hierdie fabel help baie om die magsposissie wat die kerk gehad het, te verstaan. In baie opsigte was die kerk soos die gulsige leeu wat in die middelpunt van die samelewing posisioneer was en bepaal het hoe dinge behoort te wees en hoe mense moet dink, voel en leef. Hierdie magsposisie van die kerk het sy wortels in die vierde eeu met Konstantyn wat bepaal het dat die kerk en staat amalgameer. Die staat moes hiervolgens die kerk beskerm teen kettery en groepe wat verskil van die leer van die kerk en het gelei na bewegings soos die Inkwisisie. Die waardes van die kerk vorm dan ook die rigsnoer van die staat se beleid wat in alle sfere van die samelewing, selfs met geweld, afgedwing is. Dit het letterlik beteken dat wat die kerk verkondig, wet geword het. In dieselfde asem was die uitbreiding van die staat ook terselfdetyd die uitbreiding van die kerk en Westerse kultuur, oftewel die vernietiging van die heidendom. Hierdie Christendom hegenomie het in Suid-Afrika en spesifiek in die verhouding tussen die NGK, Afrikanerdom en die Nasionale Party ook te voorskyn gekom (bv Ontugwette, sensuur). Die kerk was soos die leeu wat net nie te vrede was met sy deel nie.

Vandag het hierdie scenario 'n dramatiese transformasie ondergaan en begin ons in die NGK iets beleef van wat die afgelope dekades in veral Europa aan die gebeur is en bekend staan as die post-Christendom. Wat gebeur, is dat al hoe minder mense kerk bywoon of hulleself identiseer met die Christendom. Daar is groter kulturele en religieuse diversiteit wat veroorsaak dat die wêreld nie net simplisties verdeel kan word in die Westerse Christendom en heidendom nie. Die Christene is nie 'n homogene groep nie, maar bestaan uit verkeie kulture, tale en tradisies. Christene kan ook nie net aanvaar dat die kerk kan voorskryf aan die staat nie, want wat dan van ander mense van ander gelowe wat deur dieselfde staat gedien moet word? Hierdie opkomende post-Christendom beteken dat die kerk vanaf die middelpunt na die marge van die samelewing beweeg – dat die leeu nie alléén aanspraak op al die wild het nie.

Post-Christendom bring vir die kerk nuwe uitdagings en 'n openheid om weer kerk te wees soos die pre-Christendom of eerste kerke waarvan ons in Handelinge lees. Die kerk ondergaan 'n transformasie en moet weer leer om vanuit die marge kerk te wees. Dit vra 'n nuwe openheid om op 'n ontdekkingsreis die onbekende in te gaan sonder staatsstrukture wat aan die kerk 'n burokratiese styl van mag en prestige gee. Dit is hier waar interkulturele bedieninge van die NGK, wat fokus op interaksie tussen diverse kulture, tale, denominasies en in sekere gevalle religieuse tradisies, van binne kan dien om op 'n vars en relevante manier kerk te wees. Interkulturele bediening in die NGK worstel al vir dekades met die frustrasies en magteloosheid van die marge. Binne die invloedsfeer van die heersende mono-kulturele bediening in die NGK van die afgelope dekades, was hierdie bedieninge altyd onder verdenking en was die reis die toekoms in 'n proses van selfontdekking en identiteitsvorming sonder sekerhede en sonder die bekende. Dit het gelei tot die vorming van 'n teologie en kerkbegrip wat geanker is in 'n etiek en styl wat getuig van nederigheid, informaliteit, respek vir die ander en openheid vir die onbekende. Dit is in hierdie ruimte waar interkulturele bedieninge wandel en waar daar 'n ryke tradisie en 'n skat van bronne is wat besig is om die toekoms van God se kerk met groot vrug te ontsluit.

Die *Forum for Intercultural Ministry in the DRC (FIM)* se jaarlikse konferensie wil graag gesprek stimuleer oor hierdie belangrike saak. Die tema vir die 2008 *FIM* konferensie is *Intercultural Ministry and Post-Chritendom* en sal ingelei word deur Dr Rian Venter. Ons hoop om te delf in die vraag na die bydrae van interkulturele bediening in die post-Christendom konteks in terme van die ontwikkelling van 'n vars en relevante teologie, ekklesiologie, etiek en missiologie vir die NGK. Die konferensie vind plaas by Menuha, Bloemfontein, 5-6 Februarie 2008. Vir meer inligting skakel Mark Rathbone (0827710738, mwmrath@web.co.za) of Leon Marais (0827864371, lfm@lantic.net).